

## Die Ritme van Rus



### SABBATMIDDAG

**Lees vir Vandeeweek se Studie:** *Gen. 1, Eks. 20:8-11 en hfst. 16:14-31, Deut. 5:12-15, Ps. 92, asook Jes. 58:13.*

**Geheeteks:** “God het ook die sewende dag gesêen. Hy het bepaal dat dit afgesonder moet word van die ander dae omdat Hy op daardie dag gerus het nadat Hy sy skeppingswerk gedoen het” (Gen. 2:3, NLV).

God se opeenvolgende skeppingsdade – ai, om daar te kon wees! Kan jy jou dit voorstel? — die skielike lig in die donkerte, oseane wat oombliklik wemel van die seediere, voëls wat skielik in die lug vlug. Dan is daar ook die wonderbaarlike skepping van Adam en Eva. Hoe het die Here al hierdie dinge reggekry? Die mens kan nie eers begin om hierdie dinge te begryp nie.

Na al dié aktiewe skeppingswerk fokus Hy egter op iets heeltemal anders. Met die eerste oogopslag was dit nie so skouspelagtig soos die rondomtalie-spronge van die walvisse of die voëls met hul kleurryke veredos nie. Die Here het bloot ’n dag geskep – die sewende dag – en het toe verklaar dat dit spesiaal is. Nog voordat die mensdom kon wegstorm om die aflos van ons selfopgelede spanningsvolle lewens te hardloop, plant die Here ’n baken in die tyd. Dit is ’n lewende baken sodat ons kan onthou. God wou hê (en wil steeds hê) dat ons binne die perke van daardie dag moet stop en die lewe doelbewus moet geniet. Dit is ’n dag om te wees en nie om te doen nie; ’n dag om ons in die gawe van gras en lug, in wilde diere en water, in ons medemens, en bowenal in die Skepper van alle goeie gewes te verlustig.

Hierdie uitnodiging sou voortgaan selfs nadat die eerste paartjie uit Eden gesit is. Die Here wou seker maak dat die diepe en blywende betekenis van hierdie uitnodiging met die tyd saam bewys sou word. So knoop Hy toe, reg van die grondlegging van ons heelal af, die Sabbat in die tapisserie van die tyd.

Vandeeweek val die soeklig op God se wonderlike uitnodiging aan die mens om herhaaldelik deel van ’n dinamiese rus te wees, deur die Sewendedag-sabbat te vier.

*\*Studeer vandeeweek se les vir Sabbat die 28e Augustus.*

## Inleiding tot die Afleiding

God was daar toe alles begin het. Die Almagtige het gespreek en dit het tot stand gekom. Lig en donkerte word geskei om dag en nag te vorm; die Here spreek en die uitspannel (oftewel die hemelruim) skei van die see, op die tweede dag; en droë land en plantegroei volg op die derde dag. So vorm God die basiese raamwerk van tyd en van die uitleg van die aarde, dan vul Hy dit gedurende die daaropvolgende drie dae. Die Here skep onder andere liggewende hemelliggame vir die nag en vir die dag. Hier verskil die Bybelse skeppingsverhaal van die meeste antieke kulture s'n. Die Bybelse stel dit baie duidelik dat die son, die maan en die sterre nie gode is nie. Die hemelliggame word eers op die vierde dag bygevoeg en bestaan net omdat God hulle met sy skeppingswoord in die lewe geroep het.

In Moses se beskrywing van die vyfde en sesde dag (*Gen. 1:20-31*) wemel dit van die lewende wesens en natuurprag. Voëls, visse en landdiere – al hierdie dinge vul die oop plekke en ruimtes wat God spesiaal daarvoor geskep het.

**Wat** sê God se deurlopende beoordeling van die skepping vir 'n mens? Lees Genesis 1:1-31.

---



---

Hierdie plek wat God pas geskape het, is volmaak. Dit wemel van die diere. Soos die koor-gedeelte van 'n aansteeklike deuntjie sê die Here na elke skeppingsdag dat dit “goed” is.

**Hoe** verskil die skepping van die mens van die res van die skepping? Lees Genesis 1:26 en 27, asook Genesis 2:7 en verse 21-24.

---



---

God buk en vorm die mens uit die klei (of selfs modder) van die aarde. Die skepping van die mens na die beeld van God getuig van nabyheid en intimiteit. Weer buk die Here, dié keer om lewe in Adam se neus te blaas – en siedaar, 'n lewendige mens! Eva wat uit Adam se rib gemaak is, voeg nog 'n belangrike element by die skeppingsweek – die huwelik – wat deel van God se plan vir die mensdom is. Dit is 'n heilige vertrouensverhouding tussen *'ish* en *'ishshah*, m.a.w. tussen die “man” en die “vrou.”

Na afloop van die sesde dag beskou God weer sy handewerk. Dié keer is sy beoordeling effens anders: “Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed” (*Gen. 1:31, NAB, klem verskaf*).

**Let op die Bybelse skeppingsverhaal teenoor die totstandkoming van die heelal soos die mensdom dit sonder die Bybel probeer leer. In watter opsigte verskil die twee hemelsbreed van mekaar? Wat in hierdie antwoord onderstreep word, is dat 'n mens op die Woord van God moet staat maak as jy die waarheid wil verstaan. Hoekom is dit so?**

## Die Bevel om die Rus

Hoewel die skepping “baie goed” was, was dit nog nie afgehandel nie. Dit eindig eers wanneer God rus en ’n spesiale seëning oor die sewende dag, die Sabbat, uitspreek. “Hy het die sewende dag as gereelde rusdag geheilig, want op daardie dag het Hy gerus na al die skeppingswerk wat Hy gedoen het” (*Gen. 2:3, NAB*).

Die Sabbat is onafskeidbaar deel van God se skepping. Om die waarheid te sê, dit is die hoogtepunt van die skepping. Die Here skep rus. Hy skep ook ’n tydstip vir saamwees, waar die mens (wat in daardie tyd uit Adam en sy gesinnetjie bestaan het) hul daaglikse aktiwiteite kon staak en tesame met hul Skepper kon rus.

Ongelukkig het sonde hierdie wêreld binnegekom en alles het handomkeer verander. Ons stamouers se direkte samesyn met God het tot ’n einde gekom. Dit is oorgeneem deur pynlike geboortes, harde werk, brose en disfunksionele mensverhoudinge, e.s.m. — die bekende treurmare van al die probleme van ons menswees op dié gevalle planeet. Te midde van hierdie dinge bly God se Sabbat nietemin staan, ’n blywende simbool dat Hy ons geskep het asook die belofte dat ons eendag herskep gaan word, en van daardie herskeppingshoop wat ons in ons dra. As die mens hierdie Sabbat reeds voor die sondeval benodig het, des te meer daarna.

Eeue daarna, toe God sy kinders uit Egipte en slawerny bevry het, herinner Hy hulle weer aan sy spesiale rusdag.

### **Lees** Eksodus 20:8-11. Wat leer ’n mens hieruit oor die belangrikheid van die Sabbat m.b.t. die skepping?

Met hierdie voorskrif roep die Here ons tot herinnering aan die Skeppergod. In teenstelling met die populêre siening in die globale Noorde, is die mens nie die produk van blote toeval nie. Ons is nie die uitvloeisel van natuurkragte; prosesse wat geen gevoel, medelye of denke het nie. Intendeel, ons is wesens wat na die beeld van God geskape is, vir samesyn met God. Hoewel die Israëliete in Egipte soos slawe behandel is, asof hulle kwansuis geen waarde gehad het nie, is hulle elke Sabbat op ’n spesiale wyse tot die herinnering geroep dat hulle wesens is wat na die beeld van God geskape is.

“Die Sabbat is ’n gedenkteken van die skeppingswerk, derhalwe is dit ’n aandenking van Christus se krag en liefde” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 281).

**Bepens die volgende: hoe belangrik die leerstelling oor die sesdagskepping is. Watter ander leerstelling is, per slot van rekening, so belangrik dat God ons beveel om ’n sewende van ons lewens aan Hom te wei, deur elke week, sonder uitsondering, die skepping te onthou? ’n Mens kan heelwat dinge hieruit leer. Wat leer ’n mens egter, meer spesifiek, oor hoe belangrik dit is om die ware oorsprong van die mens soos dit in Genesis opgeteken is, te onthou?**

## Nuwe Omstandighede

Met 40 jaar van rondreis in die woestyn is 'n nuwe geslag gebore. So het die gebeure in Egipte dan vervaag, soms heeltemal. Dié nuwe geslag het ander dinge as hul slawe-ouers en -voorouers beleef. Nietemin kon hulle getuig van hul ouers se knaende gebrek aan geloof onderweg na die Beloofde Land. Gevolglik moes hulle ook vanweë daardie ongeloof in die woestyn rondswerwe, terwyl hul ouers se geslag bejaard geraak en afgesterwe het.

Gelukkig het hulle die tabernakel in die middel van die laer gehad, waar hulle die wolkkolom van God se teenwoordigheid bokant die tentstruktuur kon sien hang. Elke keer as dit begin wegdrywe het, het hulle geweet: nou moet ons oppak en dit volg. Hierdie wolkkolom wat bedags skaduwee gegee het, en wat snags 'n hittegewende vuurkolom was, het hulle aan God se liefde vir, en sorgsaamheid teenoor, die volk herinner.

### **Watter nommerpas herinnering aan die Sabbat het hulle gehad? Lees Eksodus 16:14-31.**

---

In teenstelling met algemeen-aanvaarde sienings in teologie bewys hierdie skrifgedeelte dat die Sewendedag-sabbat die gee van die tien gebooue op Sinai voorafgegaan het.

Wat word hier in Eksodus 16 beskryf?

Die spesiale kos wat God aan die volk gegee het, was 'n daaglikse herinnering dat die Skeppergod sy skepping in stand hou. Op 'n hoogs tasbare wyse het die Here in die Israëliete se behoeftes voorsien. So het hulle elke dag 'n wonderwerk beleef, met die kos wat saam met die opkoms en ondergaan van die son verskyn en verdwyn het. Sodra iemand dit probeer opgaan het, was dit die volgende dag vrot. Tog was daar 'n uitsondering op dié reël: op Vrydae het daar 'n dubbele porsie geval, met die oorskiet wat op 'n wonderbaarlike wyse behoue gebly het en op Sabbat geëet kon word.

In daardie stadium het Israel reeds die tabernakelstelsel gehad, asook al die wette en voorskrifte wat in Levitikus en Numeri opgeteken is. Nietemin roep die bejaarde Moses almal byeen, en vertel opnuut die volk se geskiedenis en gaan deur die wette wat God gegee het (*vgl. Deut. 5:6-22*).

Uiteindelik is hierdie nuwe geslag nou gereed om die Beloofde Land binne te gaan. Boonop is hulle op die punt om van leierskap te verander. Gevolglik wou die bejaarde Moses seker maak dat hierdie geslag besef wie hulle is en wat hul ware sending is. Hulle moes tog nie dieselfde foute as hul ouers maak nie. Dit is hoekom Moses weer God se wette onder die volk se aandag moes bring. Die tien gebooue word opnuut voorgelees sodat hierdie nuwe geslag, wat gereed staan om Kanaän binne te gaan en te verower, nie van God en sy gebod sou vergeet nie.

**Vir elkeen wat te sterwe kom en derhalwe geen bewussyn het nie, sal dit wou asof die wederkoms slegs enkele oomblikke na die dood is. Gesien vanuit hierdie perspektief is die wederkoms altyd naby die gelowige, selfs nader as wat 'n mens dink. Die onderhouding van die Sabbat herinner 'n mens nie net aan alles wat God vir ons gedoen het nie, maar ook wat Hy na sy wederkoms nog vir ons gaan doen. Hoe so?**

## Nog 'n Rede om te Rus

Israel het aan die oostekant van die Jordaanrivier kamp opgeslaan. Hulle het reeds die koning van Basan asook die twee konings van die Amoriete se grondgebied in besit geneem. Op hierdie deurslaggewende oomblik roep Moses die volk byeen en wys hulle opnuut daarop dat die verbond wat op Sinai gesluit is, nie net vir hul ouers nie, maar ook vir hulle gegeld het. Daarna herhaal hy die tien gebooie om hulle weer op hoogte te bring.

### **Vergelyk Eksodus 20:8-11 en Deuteronomium 5:12-15. Hoe verskil hierdie twee weergawes van die tien gebooie in terme van bewoording?**

Let op die bevelwoord in Eksodus 20 vers 8: “Gedenk die sabbatdag” (*OAB*), terwyl Deuteronomium 5:12 se bevelwoord “Onderhou die sabbatdag” (*OAB*) is. Die idee (en voorskrif) “om aan iets te dink” kom eers later in dié gebod in Deuteronomium voor (*hfst. 5:15*). In laasgenoemde vers word hulle aangesê om te dink aan die feit dat hulle eens op 'n tyd slawe was. Die nuwe geslag het weliswaar nie in ballingskap grootgeword nie. Dit kon egter so anders gewees het as dit nie vir die volk se wonderbaarlike bevryding uit Egipte was nie. Die Sabbatsgebod was dus 'n herinnering – dat dieselfde aktiewe God wat alles geskape het, ook die aktiewe God van Israel se bevryding was: “die Here jou God [het] jou deur sy groot krag en met magtige dade daaruit [uit Egipte] bevry” (*Deut. 5:15, NAB*).

Hierdie waarheid is heel gepas, siende dat Israel nou vir 'n tweede maal op die grense van die Beloofde Land gestaan het, sowat 40 jaar na die eerste geslag so liederlik gefaal het. Die beloofde-land-geslag was glad nie in staat om self die Kanaäniete te verslaan nie, net soos hul voorvaders nie hulself uit Egipte kon bevry nie. Aan dié God met sy “groot krag” en “magtige dade” het hulle dus behoefte gehad.

Die Sabbat kry dus hier 'n nuwe sy: God is die Here van verlossing en daarom moet Israel die Sabbat onderhou (*Deut. 5:15*).

Die Sabbat is natuurlik nou verweef met die vierde gebod, selfs hier in Deuteronomium 5 met sy nuwe beweegrede vir Sabbatsviering. In 'n sekere sin is die bevryding van Israel uit Egipteland die begin van 'n tweede skepping. Dit is soortgelyk aan die skeppingsverhaal in Genesis, siende dat Israel as 'n vrygemaakte volk nou die Here se nuwe skepping is (*vgl. ook byv. Jes. 43:15*).

Aangesien Eksodus ook, in 'n figuurlike sin, op bevryding van sonde – oftewel verlossing – dui, is die Sabbat ook 'n simbool van beide skepping en verlossing. God se rusdag wys 'n mens dus op 'n byna tasbare wyse op Jesus as ons Skepper en Verlosser.

**Lees Johannes 1:1-13. Wat leer 'n mens uit hierdie verse oor die feit dat Jesus ons Skepper en Verlosser is?**

## Onderhou die Sabbat

God beveel sy volk om die Sabbatdag te onderhou. Saam met die verbod op moord en diefstal, ontvang hulle die gebod om die Sabbat te herdenk, hoewel die Bybel nie presies sê hoe dit onderhou moet word nie.

**Watter** soort atmosfeer behoort ons op die Sabbat te skep en te promoveer? Lees Psalm 92 en Jesaja 58:13.

Aangesien die Sabbat op 'n viering van die skepping en verlossing van die mens neerkom, behoort dit 'n atmosfeer van vreugde en behae in die Here te wek, en nie 'n sware en sombere atmosfeer nie.

Sabbatsviering begin egter nie eers wanneer die sabbatsure begin nie. Die heel eerste Sabbat was 'n afronding van die skeppingsweek. Let ook op die gebod wat sê: “Onthou om die Sabbatdag vir God te vier” (NAB). Insgelyks behoort ons heel week lank die komende Sabbatdag te “onthou” – met die nodige beplanning sodat 'n mens jou werksaamhede betyds opsy kan sit en “die sabbatdag heilig [kan] hou” (NAB), sodra dit aanbreek. Doelbewuste voorbereiding in aanloop tot die Sabbat, gedurende die week en veral op die Voorbereidingsdag (*Mark. 15:42*) oftewel Vrydag, is van kardinale belang. Hierdie dinge maak die Sabbat 'n vreugde omdat die afwagting toneem namate die week einde se kant toe staan.

**Watter** belangrike aspek van Sabbatsviering beklemtoon Levitikus 19:3?

Sabbatsviering beteken ook dat 'n mens jou verhoudinge met huismense, die res van die familie, asook jou vriende koester. Die Here baken hier tyd vir gesinsgeoriënteerde samesyn af; 'n tyd vir interpersoonlike bande wat die huishouding se diensknegte, asook die huismense se diere insluit (*vgl. Eks. 20:8-11*). Die Sabbatdag en die gesin is pasmaats.

Hoewel rus en gesinstyd belangrike sye van die Sabbatdag is, gaan dit ook oor ons deelname aan gesamentlike, openbare aanbidding as deel van 'n kerkgesin. Neem in ag dat Jesus sinagogedienste bygewoon en ook daartydens uitgelei het toe Hy op aarde was. (*Vgl. Lev. 23:3, Luk. 4:16 en Heb. 10:25.*)

Ten spyte van ons weeklikse skedule en die geroeiteneerde gang van die lewe – wat weliswaar soms gejaagd is – is daar nietemin 'n diepe verlange by die mens na ware Sabbatsrus, na opregte samesyn met ons Skeppergod. “Gedenk die Sabbat” – ons moet *onthou* dat ons al ons werksaamhede op die Sabbat opsy moet sit, ons moet onthou dat ons beplanning moet doen ten einde tyd saam met God op daardie dag deur te bring, en ons moet *onthou* dat dit 'n dag vir die koestering van mensverhoudinge is. Sodoende kan ons die ritme en rus van die Sabbat deelagtig word.

**Hoe** ervaar jy die Sabbatdag asook die seëninge wat daaruit spruit? Hoe sal jy graag meer wil doen om die Sabbat die gewyde dag te maak wat dit veronderstel is om te wees?

**Stof tot Nadenke:** “God gee aan die mensdom ’n gedenkteken van sy skeppingsmag sodat ons Hom deur sy handewerk kan sien. Die Sabbat is ’n oproep om die majesteit van God in sy skepping te aanskou... Op die heilige rusdag – meer so as op enige van die ander dae – behoort ons die boodskappe wat God vir ons in die natuur geskryf het, te bestudeer... Deur ’n dieper beskouing van die natuur, openbaar die Here Homself aan ons. Dit spreek tot die hart van die mens oor die vrede en liefde van God” (Ellen G. White, *Christ’s Object Lessons*, bl. 25, 26).

“Een van die belangrike redes hoekom die Here vir Israel uit Egipteland en slawerny bevry het, was sodat hulle sy heilige Sabbat kon onderhou... Klaarblyklik het Moses en Aäron die leerstelling oor die heiligheid van die Sabbat in ere herstel. Dit blyk uit Farao se klage: ‘Waarom hou julle die volk van hulle werk af weg?’ (Eks. 5:5, NAB). Duidelik het Moses en Aäron ’n hervorming m.b.t. Sabbatsviering [onder die Hebreërs] in Egipteland teweeggebring.

“Sabbatsonderhouding was egter nie veronderstel om net ’n *herdenking* van hul Egiptiese slawerny te wees nie. Die viering van die Sabbat was eintlik ter herdenking van die skepping. Nietemin *sluit dit wel eersgenoemde in* – die vreugdevolle herdenking van die Hebreërs se bevryding uit Egipteland en die godsdienslike onderdrukking wat hulle daar beleef het, ’n onderdrukking wat Sabbatsonderhouding bemoeilik het. Net so moes die volk se bevryding uit slawerny vir ewig ’n tedere medelye vir die armes en die onderdrukte, en vir die wees en die weduwees, by hulle wek” (Nota in aanhangsel, Ellen G. White, *From Eternity Past*, bl. 549, klem verskaf).

## Besprekingspunte:

① Party Christene, en selfs ’n paar Adventiste (waarskynlik in die Globale Noorde), beskou teïstiese evolusie (evolusie waarby God betrokke was) as ’n sinvolle verklaring vir die skepping. Hoe toon die Sabbat dat teïstiese evolusie en Sewendedag-Adventisme nie versoenbaar is nie? Wat is die doel van die Sewendedag-sabbat onderhou en dit ter viering van miljarde der miljarde jare van evolusionêre prosesse, veral aangesien die Woord van God uitdruklik sê dat dit na die eerste ses, letterlike skeppingsdae geheilig is?

② Party mense voer aan dat die presiese dag waarop die Sabbat gevier word, nie belangrik is nie, solank ’n mens ten minste ’n rusdag het. Hoe reageer ons as Adventiste hierop? Wat van die siening dat Jesus ons Sabbatsrus is, en dat ’n mens derhalwe nie nodig het om ’n bepaalde dag as rusdag te vier nie? Hoe reageer die gelowige daarop?

③ Hoe kan ’n mens die Sabbatdag as ’n gedenkteken van bevryding en vryheid onderhou? Hoe voorkom jy ’n wettiese en beperkende benadering tot Sabbatsviering?

④ Party Christene beweer dat die Sewendedag-sabbat redding deur werke is. Is dit logies om te sê dat die viering van God se rusdag op die sewende dag, op redding deur werke neerkom?